

Hoofstuk van die dag: Jakobus 3

> *So is die tong ook maar ’n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. (Jak 3:5a)*

Die idioom “die pen is magtiger as die swaard” kom uit ’n era waar geskrewe kommunikasie die botoon gevoer het. In Jakobus

se tyd was die gesproke woord die invloedrykste. As Jakobus die idioom geken het, sou hy waarskynlik gesê het _die tong_ is magtiger as die swaard (vers 8). Vandag is digitale kommunikasie die belangrikste medium. Vandag sou hy waarskynlik sosiale media bygevoeg het. Maar die punt is een en dieselfde: mense vernietig mekaar met wat hulle vir ander en oor ander sê. Dit kom uit ’n hart van bittere naywer en selfsug (vers 14).

In Jakobus se tyd was daar sterk wedywering om ’n leraarspos te bekom (vers 1), en het die kandidate die ander aanspraakmakers met die tong bygekom om só hulleself te bevoordeel. In die werkplek vandag is dit nie anders nie. Dit help nie jy sing die Here se lof Sondae in die kerk, maar in die week skinder jy, kraak jy ander af, beledig ander en pleeg karaktermoord nie.

Ons woorde moet altyd van goeie smaak getuig, met sout besprinkel (Kol 4:6, 2020-vertaling). Só eer ons die Here en dien ons mekaar in liefde.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026